SOUTH AFRICAN MEDICAL JOURNAL

SUID-AFRIKAANSE MEDIESE TYDSKRIF

Cape Town, 4 May 1974 Volume 48 No. 21 Deel 48 Kaapstad, 4 Mei 1974

*EDITORIAL*

*VAN DIE REDAKSIE*

# Ninth Biennial Congress of the Association of Physicians

The 9th Biennial Congress of the Association of Physicians of South Africa takes place on the campus of the University of Pretoria during the first week in July. There is every reason to expect that this will be a particularly interesting and important congress and every effort is being made to ensure its success.

Internal medicine has come to be regarded as a general receptacle for all the disciplines that will not fit conveniently into any other category, and due to the superspecialisation that has recently taken place within the sphere of activities of the physician, there is an even greater tendency to regard general medicine, in contrast with general practice, as a cover-all term to be applied lightly and almost unthinkingly. It is exactly this amorphous quality that has been used with great skill by the organisers to create a cohesive whole out of all the subdisciplines that will be presented at the congress.

The plenary session has as its theme 'Disease profiles in Southern Africa', and a better springboard for virtually every possible ramification within the framework of the general subject of internal medicine is difficult to imagine. So vast is the subject and so far-ranging are the different approaches this general subject, that it will be necessary to have more than one lecture or discussion in progress simultaneously, and to this end the multiple lecture halls on the campus will be employed to the full.

On the whole it is the intention that this symposium will be more in the nature of a review week, and rather than present little isolated vignettes of esoteric research, the participants will mainly be expected to confine their contributions to such material as will serve as refresher courses for physicians and even for doctors from other related specialities. Participation is mainly by invitation, but free papers will also be considered. At the moment it is expected that some 25 visitors from abroad will be attending the congress and delivering papers.

The congress will be officially opened by the State President on Monday 1 July, and this will also ensure lively interest, proving, as it does, the high esteem in which the Association of Physicians and its parent body, the Medical Association of South Africa, are held. Although the registration fees will be fairly high, they will be all-inclusive, so that participants will be able to attend every function, including the banquet, at no additional cost. One must accept the ever-increasing costs of such gatherings, and considering the quality and scope of the fare offered, the fee will not be excessive. We wish the organisers every success.

# Doelgerigte Gebruik

Op een of ander stadium is iedere dokter vir een of ander pasiënt die joos in, en in baie gevalle is vele dokters dikwels vir baie pasiënte tegelyk moeilik. Dit is uit die aard van die intieme verhouding wat daar tussen pasiënt en geneesheer moet bestaan, nie verbasend dat wrywing so nou en dan ontwikkel nie, en in die meeste gevalle is dit te wyte aan 'n onkundige optrede van die pasiënt wat eenvoudig nie geweet het hoe om doeltreffend van sy of haar dokter se dienste gebruik te maak nie. In iedere boekwinkel is daar talle geskrifte oor noodhulp, tuisbehandeling en verwante onderwerpe voorhande, en in ons skole word kinders die beginsels van higiëne en siekteversorging geleer. Grootskaalse voorligtingsveldtogte word gereeld onderneem om die publiek bewus te maak van die gevare van siektes wat, indien hulle verwaarloos word, epidemiese afmetings kan aanneem.

Van voorligting insake die beste benadering tot die beskikbare mediese dienste is daar egter bykans geen sprake nie, en die onkunde is werklik angswekkend. Ons het 'n hoogs gesofistikeerde mediese organisasie in ons land wat met die beste ter wêreld vergelyk kan word. Die dienste sorteer onder verskillende owerhede en beheerliggame soos die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die Aptekersraad en die Verpleegstersraad, en verder is daar ander organisasies soos ons eie Mediese Vereniging, asook spesiale dienslewering deur distriksgeneeshere, daghospitale en buitepasiënte-afdelings. Van die werklike onderlinge verhouding tussen hierdie fasette van gesondheidsversorging weet die gemiddelde lid van die publiek absoluut niks, en daar is oor die algemeen ook nêrens waar hy die inligting in handige vorm kan bekom nie.

Daagliks daag pasiënte by buitepasiënte- en ongevalle-afdelings op wat nie daar hoort nie, en na 'n vinnige troosversorging om darem nie te hardvogtig voor te kom nie, word hulle weggestuur en hul plek word deur die volgende mistastendes ingeneem. Die misverstande duur voort, want daar is niemand wat poog om die voorligting te gee nie. Mense skakel gereeld die *Tydskrif*-kantoor met navrae insake organisatoriese aangeleenthede en hulle word waar moontlik gehelp, maar daar is geen handleiding of bron waarna hulle vir algemene voorligting verwys kan word nie.

Geen persoon sal gewillig wees om enige redelik ingewikkelde apparaat, hetsy vir 'n tuiswerkswinkel, of as hulpmiddel in die huis, aan te koop sonder dat daar 'n instruksieboek mee saam verskaf word nie, of daar ten minste 'n verkoopsman is wat kom help met die korrekte installering en gebruik nie. Dieselfde bedrag geld word egter jaar na jaar gelate aan mediese dienste bestee, sonder dat die verbruiker enigsins in die posisie is om te kan uitvind presies hoe sake inmekaar pas.

Ons het met die aanhef hierbo gesê 'n dokter raak omgekrap as pasiënte sy dienste misbruik, maar dan moet daardie selfde geneesheer met sy kort humeur ook gewillig wees om tyd af te staan om sy pasiënte op te lei om nie sy kosbare tyd te verkwis deur uit blote onkunde verkeerd te werk te gaan nie.

Kom ons pak die saak wetenskaplik aan en vra iedereen van 'n dertigtal persone wat lukraak op straat gekies word, presies wat doen 'n distriksgeneesheer en in wie se diens is hy. As meer as twee of drie redelik noukeurig weet, sal ons hierdie bladsye gebruik om ons mistasting aan te kondig.